

Die Evangelie volgens Lukas: Jesus word uit die dood opgewek (Luk 24:1-12) – Francois Malan

24:1 Die vers sluit direk by die vorige aan. Die vroue wat vir die Sondagmôre se salwing voorberei het, is baie vroeg skemer op die eerste dag van die week na die graf met (hulle) geurige speserye. Daarmee wou hulle die begrafnis van Jesus gaan voltooi.

24:2-3 Die vroue kry 'n groot verrassing. Hulle vind dat die steen voor die graf weggerol is, gaan in en vind die graf leeg sonder die liggaam van die Here Jesus. Jesus se aankondigings dat Hy na sy dood op die derde dag sal opstaan (Luk 9:22; 18:33) het duidelik nie tot hulle deurgedring nie. Lukas is die enigste Evangelie wat uitdruklik sê dat hulle die liggaam van die Here Jesus nie gekry het nie. Dit word by die ander geïmpliseer (vgl. bv. Joh 20:3-13). So bly die geheim van hoe Jesus uit die dood opgestaan het, gewaarborg. Paulus verduidelik die geheimenis van die opstanding van die dooies met Jesus se wederkoms as: 'ons sal almal verander word' (1 Kor 15:51 *allassō* ons aard of natuur sal verander word: 'hierdie verganklike liggaam moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike liggaam met onsterflikheid' (15:53).

24:4 In hulle verwarring oor die dinge (*aporeisthai* verward, onseker, bekommerd, ontsteld) staan daar skielik twee manne in glinsterende klere by hulle, wat kom verduidelik wat hier gebeur het. Die glinsterende klere is tipies van Lukas wat daarmee 'n hemelse verskynsel aandui (vgl. Luk 2:9 die engele en die hemelse glans om die skaapwagters; 9:29 Jesus se klere wat skitterend wit geword het; Hand 1:10 twee mans in wit klere by die apostels; Hand 9:3 en 22:6 die lig uit die hemel wat Paulus omstraal het.

24:5 Die vroue was verskrik (*emfobōn* baie bevrees) en buig hulle gesigte na die grond toe voor die hemelse boodskappers. Die boodskap begin met 'n vermaning wat slegs in Lukas voorkom: 'Waarom soek julle die Lewende by die dooies?' Anders as die Joodse gebruik om 'grafmonumente vir profete te bou' (Luk 11:47) moet daar nie vir

Jesus, die grootste profeet van alle tye, 'n monument gebou word waarheen telkens teruggekom word om daar aan Hom hulde te betoon nie. In Lukas 20:8 het Jesus in verband met Abraham, Isak en Jakob gesê: 'Die Here is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. Wat Hom betref is hulle almal lewendes.' Dat Jesus die Lewende is, is 'n betekenisvolle woord. Hier dui dit ook op sy Godheid waarvan Johannes 1:4 sê: 'In Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.' Daarby het Hy twee maal vir hulle gesê dat Hy gaan opstaan (Luk 9:22; 18:33).

24:6-7 Die twee engele antwoord self op hulle vraag: 'Hy is nie hier nie, Hy is opgewek' (*êgerthê* passiewe vorm, verwys na God wat Hom opgewek het). Hulle herinner die dissipels aan Jesus se woorde in Galilea (Luk 9:22) dat Hy 'op die derde dag sal opstaan' (*anastênai* aktiewe vorm, self opstaan). So werk God ook vandag in en deur ons deur sy inwoning in ons en ons gebed tot Hom; Hy wek ons sodat ons kan opstaan om sy werk en sy wil aktief deur te voer.

24:8 Hulle het toe sy woorde onthou. Die pad wat Jesus geloop het van sy gevangening tot sy opstanding begin hulle in 'n nuwe lig sien. Hulle begin ook hulle ongeloof in Jesus se woorde raaksien. Maar hulle verwagting van die Messias/Christus, 'n Gesalfde Koning was so anders, dat hulle nie kon dink aan 'n Verlosser wat vir hulle aan die kruis en met sy dood en opstanding uit hulle sondige self en die dood kom verlos nie.

24:9 'En toe hulle teruggekeer het van die graf af...' – die woord *epistrefō* kan aandui dat hulle terug is na die stad toe, maar het ook die betekenis van terugkeer na geloof in Jesus en na sy woord dat Hy na drie dae sal opstaan. Die vroue word die eerste getuies van Jesus se opstanding uit die dood. Hulle gaan vertel alles wat hulle by die graf gesien het (die leë graf en die engele) en gehoor het (dat Jesus opgestaan het). Hulle vertel dit aan die elf apostels en die ander vriende van Jesus wat saam met hulle byeen was, en nog verslae is oor wat Vrydag gebeur het (vgl. Luk 24:33).

24:10 Onder die groepie vroue by die graf was daar Maria Magdalena van die dorpie Magdala aan die wes-oewer van die see van Galilea, uit wie Jesus 7 duiwels uitgedryf het (Luk 8:2); Johanna, die vrou van Gusa, 'n bestuurder van Herodes Antipas (Luk 8:3); hulle twee is van die vroue wat uit hulle eie bronne vir Jesus en die twaalf gesorg het (Luk 8:3); saam met hulle was Maria die moeder van Jakobus, wat in Luk 6:15 genoem word die seun van Alfeus – almal lojale volgelinge van Jesus uit Galilea (vgl. Luk 23:55).

[Mark 16:1 noem ook Maria Magdalena, en Maria die moeder van Jakobus (die seun van Alfeus, Mark 3:18); en voeg Salome, die suster van Jesus se ma Maria, by. Mattheus 27:56 noem Salome die moeder van die seuns van Sebedeus, m.a.w. Johannes en Jakobus was Jesus se neefs. Volgens Matt 20:20 het Salome vir Jesus kom vra dat haar seuns weerskante van Jesus sal sit in sy komende koninkryk. Salome is die vroulike vorm van Salomo ('ryk aan vrede')].

24:11 Maar vir hulle, vir die apostels en ander vriende van Jesus, het die woorde van die vroue se getuienis gelyk soos pure nonsens (*lêros*) en hulle het die vroue nie geglo nie. Terwyl die vroue die woorde van die engele aanvaar het en onthou het dat Jesus vir hulle gesê het van sy opstanding, aanvaar die apostels nie stories van die vroue nie. In hulle oë is die vroue liggelowig. Tog het dit die apostels ontstel (Luk 24:22). Hulle, die apostels, onthou egter nog nie Jesus se woorde oor sy opstanding nie. Hulle hoë politieke verwagting van Jesus as die Messias, as die koning in God se komende koninkryk is deur die kruisiging heeltemal verduister.

24:12 Die impulsiewe Petrus hardloop egter graf toe en sien deur die opening in die rotsgraf slegs die grafdoeke wat op hulle eie lê. Hy gaan terug terwyl hy wonder oor wat gebeur het. Dit is vir hom duidelik dat hier 'n onverklaarbare ding gebeur het. Die doeke is nog daar maar die lyk nie. Die raaisel verdiep. Die vroue sien 'n leë graf sonder die liggaam van Jesus en hulle is verward, maar die engele klaar die verwarring vir hulle op. Petrus sien die doeke eenkant lê en begin wonder oor die storie van die vroue.

Johannes 20:3-10 vertel dat Petrus en 'die ander dissipel' daarheen gehardloop het en die doeke gesien het, apart van mekaar opgerol en die ander dissipel het geglo, maar nog nie die Skrif oor Jesus se opstanding verstaan nie (vgl. Luk 24:24). Johannes 20:1-18 vertel dat Maria Magdalena eerste by die graf was, en toe sy sien die klip voor die graf is weggerol, hardloop sy en vertel dit vir Petrus en die dissipel vir wie Jesus liefgehad het. Hulle hardloop toe daarheen en vind die doeke apart opgerol. Daarna het Maria buite die graf staan en huil tot Jesus aan haar verskyn het.

Markus 16:1-8 vertel van Maria Magdalena en die ander vroue wat by die graf ingegaan het en die jongman in wit klere wat vir hulle sê dat Jesus opgestaan het.

Mattheus 28:1-10 vertel, soos Markus, dat Maria Magdalena en 'n ander Maria graf toe is, 'n engel die steen weggerol het, dat hulle vir die vroue sê dat Jesus

opgestaan het, en dat Jesus met hulle terugtog aan hulle verskyn het.

Die Evangelie volgens Lukas: Jesus word begrawe (Luk 23:50-56) – Francois Malan

23:50-51 'En kyk...' Lukas vra die leser se aandag vir hierdie volgeling van Jesus, wat tot dusver in die geheim, in sy hart, 'n Jesusvolgeling was, maar wat nou openlik daarmee uitkom. Lukas noem sy naam Josef. Ragel het haar eerste kind Josef genoem, want, sê sy: die Here/Jahweh sal vir my nog 'n seun byvoeg (Gen 30:24; Hebreeus: *josēf* 'byvoeg'). Dit was Jakob se liefingseun wat die onderkoning van Egipte geword het en sy familie uit die hongersnood gered het (Gen 50:20) soos Jesus God se geliefde Seun is wat ons kom red het.

Hierdie Josef was lid van die Raad, waarskynlik een van die familiehoofde met sitting op die Joodse Raad, die Sanhedrin. Lukas beskryf hom as 'n goeie en regverdige man, wat nie met hulle besluit en optrede saamgestem het nie. Hy het waarskynlik nie saam met hulle na Pilatus toe gegaan en nie geskreeu 'Weg met Hom' nie (Luk 23:18).

Josef was afkomstig van die Joodse dorp Arimatea. Dit is waarskynlik in Jesus se tyd die naam van die stadjie Rama waar Samuel 1100 jaar v.C. gebore is en gewoon het (1 Sam 1:19-20; 7:17), dieselfde as Ramataim van 1 Sam 1:1, die huidige Rentis, noordoos van Lod. Daar is mosaïeke van 'n middeleeuse kerk wat aan Josef van Arimatea gewy is. Vir sy Griekse lesers voeg Lukas by dat dit 'n stad van die Jode is. Josef het egter nou in Jerusalem gewoon as lid van die Sanhedrin en het sy graf daar in 'n rots uitgekap (Matt 27:60). Mattheus 27:57 sê hy was 'n ryk man.

Josef het uitgesien na die koninkryk van God, soos Simeon en Hanna aan die begin van die Evangelie uitgesien het na die herstel van Israel (Luk 2:25,38). Die term 'koninkryk van God' kom 32 maal in Lukas voor en verwys nie na 'n gebied nie, maar na God se heerskappy, sy absolute seggenskap oor die ganse lewe van mense en

gemeenskappe, en oor sy ganse skepping.

23:52-53 Met waagmoed gaan vra Josef die liggaaam van Jesus by Pilatus. Daarmee vereenselwig hy Hom met Jesus as iemand wat aan Jesus verbind is, en stel hy hom bloot aan die kritiek en verwerping deur die Sanhedrin. Familielede kon gewoonlik die lyk van hulle mense vra. Pilatus kon dink hierdie Raadslid verteenwoordig die Sanhedrin. Volgens Deutr. 21:22 moet 'n lyk aan 'n paal dieselfde dag begrawe word om nie die land te verontreinig nie, want wie opgehang is, is deur God vervloek. So het Jesus die vloek van God oor die sonde van die wêreld namens ons gedra om ons te reinig.

Josef haal die lyk van Jesus van die kruis af (volgens Johannes 19:39-40 het Nikodemus hom daarmee gehelp), draai sy naakte lyk in doeke toe en lê hom in 'n graf wat in 'n rots uitgekap is – nie in 'n gewone graf in die grond nie, maar in 'n rykmansgraf. Jes 53:9 sê: 'sy graf was by die misdadigers en by 'n ryke in sy dood, al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.' Jesus was aan die kruis tussen misdadigers en in sy graf by die rykes. In dié graf het nog niemand gelê nie (soos die donkievul waarop niemand nog ooit gesit het nie; Luk 19:30) – geskik vir die heilige Here.

23:54 Dit was die Voorbereidingsdag (Goeie Vrydag), en die Sabbat het al begin aanbreek (met sonder van die Vrydag). Daarom moes daar haastig gewerk word en kon hulle Jesus nie klaar begrawe voor die eerste ster verskyn nie. Josef se goedheid en regverdigheid blyk uit sy eie graf wat hy beskikbaar stel, en dat hy bereid was om onrein te word deur aan 'n lyk te raak voor die Sabbat en die Pasga (Joh 18:28; Num 5:2; 9:7,10; 19:11,13,18; 31:19; Hag 2:13).

23:55-56 Die Galilese vroue wat by die kruis was (23:49) het Hom gevolg, die graf gesien, en hoe sy liggaam neergelê is, en toe teruggegaan (stad toe), geurige speserye en salf voorberei (om die liggaam Sondag te gaan balsem). Op die Sabbat, wat die Vrydagaand aangebreek het, het hulle gerus, volgens die voorskrif van die wet (Eks 20:8-11). Met hulle voorbereiding wys die vroue dat hulle nie Jesus se opstanding uit die dood op Sondagmôre verwag het nie. Lukas sluit sy berig oor Jesus se begrafnis af met die vroue se voorbereiding vir hulle liefdesdiens aan Jesus.

Die Evangelie volgens Lukas: Jesus sterf (Luk 23:44-49) – Francois Maľan

23:44 Lukas plaas drie wondertekens bymekaar. Die drie tekens wys na die betekenis van Jesus se sterwe: die duisternis wys na God se oordeel oor die sonde. Die skeur van die voorhangsel verwys na God se sluiting van die tempel met hande gemaak en staking van die offers by die tempel, as die plek om God te ontmoet vir aanbidding en vergifnis van sonde. Jesus se derde kruiswoord en uitblaas van sy asem is sy oorgawe van Homself as die offer aan sy Vader vir die sonde van die mensdom (Hebr 9:23-10:18).

Die Pasga word elke jaar met volmaan gehou en dan is daar geen sonsverduistering tydens die fees moontlik nie. Sonsverduisterings vind slegs met nuwemaan plaas. Maar op die dag van Jesus se sterwe het dit in die hele land (*gê land of aarde*) donker geword om twaalfuur die middag (die Joodse sesde uur van die dag) tot drie-uur die middag (die Joodse negende uur). Die negende plaag met Israel se verlossing uit Egipte was drie dae duisternis (Eks 10:22). Vir die Jode was duisternis die teken van die oordeel en straf van die Here (vgl. Amos 5:8 oor die Dag van die Here, wanneer die Here God die son helder oordag sal laat ondergaan en dit op die aarde donker maak terwyl dit nog ligdag is; vgl ook Joël 2:10,31; 3:15). So word dit die eerste teken van die oordeel van God oor die sonde van die mensdom wat deur Jesus gedra is (Mark 15:34 en Matt 27:46 het teen die negende uur Jesus se uitroep: 'my God, my God, waarom het U My verlaat' as die onbegryplike offer van God vir die vergifnis van die sonde van die wêreld, vgl. Joh 1:29).

23:45 Die inleiding tot hierdie vers kom slegs in Lukas voor en bind die drie tekens saam. 'Terwyl die son opgehou het' – om te skyn (*eklipontos* ophou) gebeur die volgende twee tekens terselfdertyd. Al drie die tekens gebeur gelyktydig. Die laaste twee kom aan die einde van die wonderbare drie uur duisternis, wat die teken is van God se straf op die sonde van die mensheid. In die duisternis skeur die voorhangsel in die tempel middeldeer.

Die tempel het drie afdelings gehad: die Voorportaal, die Heilige, en die Allerheiligste (vgl. 1 Kon 6). Ná die Babiloniese ballingskap was die Allerheiligste

sonder die ark wat die twee kliptafels met die wet in gehad het, en sonder die gerubs van 1 Konings 8. Die drie afdelings is met twee voorhangsels van mekaar afgeskei. Die voorhangsel wat geskeur het is waarskynlik die een tussen die Heilige en die Allerheiligste waar die hoëpriester eenmaal per jaar op die Versoendag ingaan met bloed om te offer vir homself en die sondes wat die volk onwetend gedoen het (Hebr 9:7; vgl. Eks 30:10; Lev 16:2,11-15).

Die tweede teken van die geskeurde voorhangsel wys vooruit na die vernietiging van die tempel in 70 n.C. deur die Romeine, maar ook dat die Here die tempel verlaat. Deur die Jode se verwerping van Jesus, het die tempel sy betekenis verloor. Daarom het God die tempel verlaat en het die bedekking van die Allerheiligste oopgeskeur. Jesus se offer gee nou buite die tempel vrye toegang tot God vir elkeen wat glo. Hebreërs 10:19-20 sê, Jesus het vir ons die nuwe lewende weg geopen deur die tempelgordyn heen, dit is deur sy liggaam. Jesus se liggaam aan die kruis vervang die tempelgordyn waaragter versoening gedoen is vir die sonde van die volk. Jesus vervang die tempel

(vgl. Joh 2:19-21; 4:21-24). In geloofsgemeenskap met Jesus en in sy Naam, dit is sy Persoon en werk, het ons vrye toegang tot God (Hebr 10:19-20), gemeenskap met God en aanbid ons God in gees en waarheid (Joh 4:21-24).

23:46 Met die derde teken wat die betekenis van Jesus se sterwe aandui, beskryf Lukas Jesus se laaste woorde voor Hy sy laaste asem uitgeblaas het: Met 'n harde stem, sodat al die omstanders dit duidelik kon hoor, het Jesus uitgeroep: 'Vader, in u hande gee Ek my gees oor!' (*paratithemai* vertrou Ek my gees toe / Ek gee Myself aan U sorg oor). Volgens Markus 15:33 was dit om 3nm., die tyd van die aankondiging van die aandoffer (vgl. 1 Kon 18:36) in die tempel waar die voorhangsel pas geskeur het en die toegang tot God oopgegaan het vir alle mense. Die woorde van Jesus se gebed uit Ps 31:6 was ook die gewone aandebed van 'n Joodse kindjie. In Luk 18:17 het Jesus gesê: 'Amen, Ek sê vir julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kind ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie.' Met dié kindergebed gaan die nederige Jesus ook die koninkryk van God in. In Ps 31:6 word die Here God nie as 'Vader' aangespreek soos hier nie. Die Ou Testament ken God nie as Vader nie, maar Jesus het ons kom leer om God 'Vader' te noem. Hier dui dit op Jesus se ewige Seunskap van God, aan wie Hy sy menslike lewensasem teruggee (die lewensasem wat van Adam 'n lewende wese gemaak het, Gen 2:7). 'Vader' is die aanspreekvorm van sy gebed vir Homself in Getsemane (Luk 22:42), ook met sy eerste kruiswoord in Lukas, sy gebed vir die mense wat Hom kruisig (Luk 23:34), en van die gebed wat Jesus sy dissipels

geleer het (Luk 11:2), ook in sy eie gebede (Luk 10:21). Dit is 'n aanduiding van die innige verhouding van liefde tussen Jesus en sy Vader, en van die verhouding wat daar tussen gelowiges en die Vader behoort te bestaan, deur ons lewe aan Hom oor te gee.

Nie een van die Evangelies sê letterlik dat Jesus gesterf het nie. Markus en Lukas gebruik *ekpeneusen* Hy het die laaste asem uitgeblaas. Dit is figuurlike taal vir sterf. Matteus sê *afêken to pneuma* Hy het die gees weggestuur; 'n idioom vir sterf. Johannes sê *paredōken to pneuma* Hy het die gees oorgegee; ook 'n idioom vir sterf. Daarmee dui hulle aan dat Jesus se dood iets besonder is, sy selfoorgawe in die dood. Hy, die Woord van God, het vir Adam, die mens, gesê: 'die dag as jy van die boom van kennis eet, sterf jy.' Die dood is die straf van God op die sonde van die mens. Hier gee God Homself oor in die doodstraf wat Hy op die sonde van die mens gelê het. Markus en Matteus beskryf dit met sy woorde aan die kruis 'My God, my God, waarom het U My verlaat?' Paulus skryf dat Hy wat in die gestalte van God was, Homself prysgegee het en Hom verneder het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis (Filip 1:6-8). Dit is die toppunt van sy liefde vir die mens. God dra self sy straf op ons sonde. Dit is die evangelie, die blye boodskap van God se genade. Jesaja 25: sê: die Here God sal die dood vir ewig vernietig. Romeine 15:54 verwys na Jesaja se voorspelling: 'die dood is verslind in die oorwinning.' Dit is die oorwinning van God se liefde oor die dood van die mens: God bewys sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom 5:8).

23:47 Die eerste van die drie reaksies op Jesus se dood wat Lukas aanteken, is dié van die Romeinse bevelvoerder oor 100 soldate, wat 'n groep van sy soldate gelei het om die drie persone te kruisig. Markus 15:39 sê: toe die bevelvoerder Hom sy asem so sien uitblaas, het hy gesê: 'Waarlik hierdie man was die Seun van God.' Matteus 27:54 sê: toe die bevelvoerder en dié wat met hom Jesus bewaak het die skudding en die dinge wat gebeur het sien, was hulle vreesbevange en het gesê: 'Waarlik, Hy was God se Seun' – waarskynlik oor sy gebed tot sy Vader.

Lukas sê slegs: Toe die owerste oor honderd sien wat gebeur, het hy God geloof en gesê: 'Waarlik, hierdie man was regverdig (*dikaios* regverdig, in die regte verhouding tot God, wat Hom 'Vader' kan noem).' Hy bevestig wat Pilatus drie maal bevind het, dat Jesus as die Regverdige gely en gesterf het. Lukas sê, met hierdie woorde het die owerste God geloof. Die Joodse leiers dryf die spot met Jesus en beskou hulleself as regverdig (Luk 23:35). Hierdie heidense soldaat prys God oor die Regverdige Man wat gesterf het. Met sulke voorbeelde wil Lukas sy lesers lei om God

te loof oor Jesus se lewe en sterwe (vgl. ook die lof aan God in Luk 5:8 deur Petrus by die groot visvangs; 7:16 deur die mense van Nain by die opwekking van die jongman; 9:43 deur die skare by die genesing van die seun met die stuiptrekkings; 13:13 deur die kromgetrekte vroujie; 17:15 deur die Samaritaanse melaatse; 18:43 deur die blinde by Jerigo; 19:37 deur die skare op Palmsondag; Hand 3:8 deur die verlamde by die tempel). Die Romein is die eerste getuie van Jesus se dood en Lukas sluit hom in onder die mense wat God geloof het oor Jesus.

23:48 Die tweede reaksie in Lukas op Jesus se dood, kom van die hele skare wat vir hierdie skouspel (*theōria* skouspel, ongewone gesig) bymekaar gekom het (vgl 23:27). Toe hulle sien wat gebeur, het hulle teruggegaan terwyl hulle op hulle borste slaan, as uitdrukking van hulle rou (vgl. Luk 18:13, die tollenaar se berou oor sy sonde). In Handeling 2:41 word ongeveer 3000 mense op die Pinksterdag gedoop. Moontlik was daar van die mense uit die skare wat uit nuuskierigheid Jesus se kruisiging kom aanskou het, wat Jesus se woorde aan die weeklaende vroue gehoor het (23:28-31), ook sy gebed vir die mense wat vir sy kruisiging verantwoordelik was (23:34) **en** sy belofte aan die misdadiger (23:43), die duisternis beleef het (23:44), Jesus se kinderlike vertrouwe op sy Vader gehoor het (23:46) en met seer harte die Kopbeenplek verlaat het. Dit is die tweede groep getuies van Jesus se dood.

23:49 Lukas se derde reaksie op Jesus se dood beskryf al Jesus se vriende wat veraf bly staan het, ook die vroue wat Hom van Galilea af gevolg het om die dinge te aanskou/te beleef. Die woord *gnōstōi* kan kennis of vriende aandui en is die manlike vorm daarvan. Die woord word ook in Luk 2:44 gebruik. *makrothen* 'ver, veraf, op 'n afstand' verwys ook na die vervulling van Ps 38:12 'My teistering veroorsaak dat my geliefdes en vriende op 'n afstand bly staan, wie na aan my is, staan ver van my af.' (Ps 88:9,19 verwys ook na bekendes en vriende). Waarskynlik is dit uit vrees vir die Romeine en die Joodse leiers dat hulle veraf staan. Met 'almal' sal die dissipels wat gevlug het ook ingesluit wees. Na dié vroue word ook in Luk 8:2-3 verwys. Tipies van Lukas se verwysing na vroue het hy hier ook die teenwoordigheid van die vroue saam met die mans wat by die kruis was. Soos die kruisiging begin het met die vroue van Jerusalem wat langs Jesus se lydensweg Hom beweën het, sluit vroue uit Galilea sy kruisiging af met hulle simpatieke aanskouing van sy sterwe. Die werkwoord se voltooid verlede tyd *eistékeisan* beteken dat hulle daar bly staan het, waarskynlik tot na die skare van vers 48 reeds terug is stad toe. Die werkwoord *horaō* 'sien/aanskou' het ook die betekenis om iets te beleef. Die groep het die kruisiging van Jesus van 'n afstand af beleef. Hulle is Lukas se derde

groep getuies van Jesus se dood. (Joh 18:25 sê dat Jesus se moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en ook Maria Magdalena by die kruis gestaan het).

Die Evangelie volgens Lukas: Jesus word gekruisig (Luk 23:33-43) – Francois Malan

Lukas se verhaal van die kruisiging gebruik ses gedeeltes uit Markus wat hy verwerk: verdeling van die klere, kruis opskrif, spottende volksleiers, duisternis, voorhangsel wat skeur, Romeinse offisier onder die kruis. Die meeste ander dele kom slegs in Lukas voor, wat uit ander bronne kom, soos hy in 1:1-4 gesê het.

Lukas bied die verhaal in vier afdelings aan. Elke afdeling het drie onderdele. Die driedeling word ook gesien in die drie kruiswoorde, in vers 34 'n gebed vir hulle wat Hom gekruisig het, vers 43 'n woord aan die misdadiger, vers 46 tot sy Vader.

23:33-34 kruisiging van drie, voorbidding, verdeling van sy klere

23:35-43 bespotting om Homself te red deur drie groepe: die volksleiers, die soldate, die een misdadiger

23:44-46 drie tekens: die son wat verduister, die voorhangsel wat skeur, Jesus se selfoorgawe in die dood

23:47-49 die uitwerking van sy dood op: die Romeinse offisier, die skare, Jesus se kennis.

Die middelpunt van die kruisverhaal is die toneel met die gelowige misdadiger 23:40-43. Dit wys die blye laaste moontlikheid, dat die dood van Jesus 'n laaste geleentheid vir bekering selfs in die laaste minute bied. Met die bekeerde misdadiger, die volgelinge van Jesus, en die Romeinse soldaat, skep die Here die nuwe volk van God daar aan die kruis.

23:33 Hulle, die hele prosesie, kom op die plek wat Kopbeen genoem word. Die heuwel het blykbaar soos 'n kopbeen gelyk. Die ander drie Evangelies verskaf ook die Hebreeuse naam Golgota. (Vir sy Griekse lesers laat Lukas ook die Hebreeuse naam Getsemane uit. Hy verwys slegs na 'n plek by die Olyfberg; Luk 22:39-40). Jesus word in die middel van die twee misdadigers gekruisig as die ergste/leier misdadiger. Daarmee word Jesaja 53:12 vervul: 'Hy is as misdadiger beskou omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het,' soos in Luk 22:37. Die naam Jesus beteken 'die Here verlos.' Hy is die Verlosser van sonde (Matt 1:21), die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh 1:29), die Vriend van sondaars (Luk 7:34) en sterf tussen twee misdadigers as teken daarvan.

23:34 Die oudste manuskripte het nie hierdie gebed van Jesus in Lukas nie, maar dit is reeds vroeg in die teks van Lukas ingevoeg, moontlik uit die mondelinge oorlewering daarvan, en word aanvaar as 'n egte deel van die teks. Stefanus bid dieselfde woorde in Handeling 7:60. Eusebius 2,23,16 verwys na Hegesippus, 'n Joodse Christen uit die 2e eeu n.C. se getuigenis dat Jesus se broer Jakobus dieselfde gebed gebid het toe die Skrifkenners en die Fariseërs hom met klippe doodgegooi het.

Die 'hulle' vir wie Jesus bid verwys moontlik na die Romeinse soldate en almal wat verantwoordelik was vir Jesus se kruisiging. Lukas sien die 'hulle' waarskynlik as 'n verwysing na die hele Joodse volk, volgens sy weergawe van Petrus se woorde in Handeling 3:11,17. Met Jesus se gebed om hulle vergewing, bevestig Hy sy sending om die genadejaar van die Here aan te kondig (Luk 1:19), dat Hy die volmag het om sondes te vergewe (Luk 5:24), ook van die sondige vrou (7:48). So vervul Hy die aankondiging van sy geboorte in Luk 2:11 as die Verlosser wat vir hulle gebore is. Die bekering van sy medekruiseling (23:42-43), van die Romeinse soldaat (23:47) en van die skare wat op hulle bors slaan as teken van rou (23:48) wys in die rigting van 'n vervulling van sy gebed vir hulle. Sy gebed is tot sy Vader, soos sy laaste woord in 23:46. Dit tipeer Jesus soos Lukas Hom gesien het as die Middelaar tussen God en die mense vir wie Hy gekom het om aan hulle vergewing van sonde te kom bewerk. Hulle vergewing kan beteken dat hulle sal begin insien wie Jesus is en wat hulle aan Hom gedoen het.

Die soldate verdeel sy klere onder hulle deur te loot. Die tipiese beskrywing van die Ou Testamentiese ellendige in Ps 22:19 word op Jesus toegepas: 'Hulle verdeel my klere onder mekaar, en hulle loot oor my klee'. *Himatia* wat deur al vier Evangelies gebruik word, kan al Jesus se kledingstukke aandui, of na 'n bokleed verwys; Joh

19:24 praat van sy klere wat verdeel is en van sy onderkleed waaroor hulle geloot het, die *chiton*, wat onder die bokleed gedra is. Waarskynlik is Jesus naak gekruisig soos gewoonlik met die Romeine se kruisigings as leedvermaak en skande (vgl. Ps 22:7 'bespot deur die mense, verag deur die volk,' Ps 22:18 'hulle staar my aan met leedvermaak;' Matt 25:43 'nakend en julle het my nie geklee nie'). So beroof hulle Jesus van sy eer, sy volgelinge, sy lewe, en nou die laaste oorblyfsels van sy aardse besittings, sy klere. Adam en Eva se beskaming oor hulle naaktheid na hulle sondeval (Gen 3:7,10-11; 20) word deur Jesus op Hom geneem saam met hulle doodstraf vir hulle oortreding (Gen 2:16; 3:19; Rom 5:12).

So beskryf Lukas drie aspekte van Jesus se kruisiging: Jesus sterf tussen die sondaars vir sondaars (1 Tim 1:15), biddend tot sy Vader vir hulle vergifnis soos Hy steeds vir ons intree by die Vader (Rom 8:34; Hebr 7:25), nakend om die smaad van die sonde te dra (Ps 69:10 aangehaal in Rom 15:3).

23:35 Lukas vertel van drie groepe se spottende reaksie op Jesus se kruisiging: Volgens Lukas was die volk slegs toeskouers wat die skouspel gestaan en aankyk het (*theōreō* stip aankyk). Markus en Mattheus vertel ook van die verbygangers dat hulle Jesus, wat die tempel in drie dae sou opbou, belaster/uitgeskel het om Homself nou te red.

Soos Markus en Mattheus vertel Lukas van die volksleiers (Mattheus noem die leierpriesters, skrifkenners en oudstes) wat aanhoudend smalend onder mekaar gesê het: Ander het Hy gered, laat Hy Homself red as Hy die Christus van God is, die Uitverkorene (Ps 22:9 'Laat Hy hom bevry, laat Hy hom red as Hy hom goedgesind is'). In Luk 9:35 het God gesê, 'Dit is my Seun, die Uitverkorene. Luister na Hom;' vgl. Jes 42:1 wat van die Kneg van die Here praat as God se uitverkorene. Hulle erken dat Hy ander gered het, maar kan hulle nie indink waarom Hy nie sy mag gebruik om Homself te red nie. Dit sou dan 'n klinkklare bewys wees dat Hy die Messias is wat hulle verwag het. Maar Hy is die Lydende Kneg van die Here van Jesaja 53:4-12 wat ander se straf dra. Vir hulle is so'n Verlosser-Messias onaanvaarbaar.

23:36-37 Die soldate sit die volksleiers se onderlinge spot voort deur Hom direk met hulle spotwoorde te konfronteer. Hulle het ook met Hom die spot gedryf (*empaizō* bespotlik maak, om met iemand gek te skeer deur hom na te aap op 'n verdraaide manier): hulle kom plegtig na Hom toe, bied vir Hom suur wyn aan (*oksos* goedkoop suur wyn) wat 'n mens nie vir 'n koning sal aanbied nie. Lukas beskryf dit nie as 'n gebaar van bejammering nie, maar as deel van hulle spot. En hulle sê: 'as jy die

koning van die Jode is, red jouself' (vgl. Ps 69:22 'vir my dors het hulle my asyn laat drink') – as dit is hoe die koning van die Jode lyk, kan hulle net lag oor die vreemde en gehate volk.

23:38 Saam met hulle gespot verwys Lukas ook na Pilatus se minagting van die Jode oor die hofszaak wat hy eintlik verloor het, deur die opskrif met die aanklag daarop: 'Jesus die Nasarener die koning van die Jode.'

23:39 Die een opgehangde misdadiger, wat geen skuldgevoel oor sy misdade gehad het nie, het enigeen blameer vir wat hy beskou het as 'n wraakgierige draai van die noodlot teen hom. Hy neem deel aan die bespotting van Jesus. Hy knoop ook by die Messiasnaam aan en het aangehou om Jesus sarkasties te laster 'Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons'(die vraag impliseer 'n positiewe antwoord, al glo hy nie dat Jesus God se Gesalfde Koning is of hulle kan red nie). Moontlik was hy 'n verharde Seloot, in opstand teen Rome. Dit is die derde maal dat Jesus spottend uitgedaag word om Homself te red: eers deur dié wat sy kruisiging geëis het, toe dié wat Hom gekruisig het, en derdens een van dié wat saam met Hom gekruisig is – hardvogtige priesters, geharde soldate, en 'n verharde misdadiger. So het die duivel aan die begin van Jesus se bediening Hom ook driemaal in die woestyn versoek: om sy Seunskap van God vir Homself te misbruik, om so die doel van sy koms na die aarde toe te verydel.

Met enkele strepe skilder Lukas die verskillende houdings van die toeskouers: die vulgêre nuuskierigheid van die gepeupel, die smalende bespotting van die leiers, die ongevoelige ligsinnigheid van die wagte, en die bitter verwyf van die misdadiger.

23:40-41 Jesus se dringende waarskuwing aan die vroue op sy lydensweg om tot berou te kom, word slegs deur Lukas opgeteken. So is ook Jesus se wonderlike nuus aan die berouvolle misdadiger aan die kruis, slegs in Lukas. Die gesprek vorm die middelpunt van Lukas se berig oor Jesus se kruisiging (Markus en Mattheus het slegs 'n enkele opmerking dat sy twee medekruiseling Hom beledig het).

Die misdadiger begin deur sy mede-misdadiger wat Jesus aanhou spot, te berispe (*epitimaō* om sterk afkeur van iemand te verwoord): 'Het jy nie ontsag vir God nie?' (*fobeomai* bang wees, te vrees, om groot eerbied en ontsag te hê). Hulle staan op die drumpel van die dood om voor God rekenskap te gee van hulle dade. Daarby bely hy dat hulle albei skuldig is aan die oortredings waarvoor hulle aan die kruis gestraf

word; 'in ons geval is dit geregverdig, want ons ontvang wat pas by wat ons gedoen het/als wat ons verdien het (*apolambanō* terug ontvang).' Maar hierdie medekruiseling van hulle word onskuldig gestraf: 'Hy het niks slegs/verkeerds (*atopos*) gedoen nie.' Hoe kan 'n mens in sulke omstandighede jou nog spottend bo Jesus verhef? Soos Pilatus die Romeinse getuie is van Jesus se onskuld, getuig die Joodse misdadiger ook van sy onskuld. Jesus, die Onskuldige, sterf vir die sonde van die wêreld. (Joh 1:29). Met sy erkenning van hulle skuld en van Jesus se onskuld begin die man se bekering. Soos die verlore seun kom die man tot sy sinne (Luk 15:17 letterlik: kom hy tot homself) en sien hy homself in Jesus se lig – die lig wat vir die nasies tot openbaring dien, Luk 2:32).

Met enkele sinne in verse 39-42 beskryf Lukas drie kort gesprekke aan die kruis: die een misdadiger se spotwoord oor verlossing aan Jesus sonder 'n antwoord; die tweede misdadiger se bestraffing van die eerste sonder 'n reaksie; die tweede misdadiger se pleit by Jesus met Jesus se wonderlike antwoord. Met die drie gesprekke word berou, geloof, belydenis, gebed en belofte, die hele boodskap van verlossing ter sprake gebring. So word hierdie gesprekke karakteristiek vir die groot lyne van hierdie evangelie en van die verskillende houdings van die mens daarteenoor.

23:42 Hy sê toe: 'Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.' Die woord *mimnêskomai* onthou, vra ook die gepaste optrede wanneer aan die saak of die persoon gedink word, soos Josef se versoek aan die skinker in Gen 40:14. (die jonger westerse teks uit die 5e eeu n.C. wat in die 1953-vertaling gebruik is, het die benoemings omgedraai: 'En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.' Die ouer tekste uit die 3e en 4e eeu n.C. het die aanspreekvorm Jesus).

Sy aanspreekvorm 'Jesus' (die Griekse vorm van Joshua beteken *Jahweh* red) eggo die gebed van Ps 106:4 'Dink aan my Here...wanneer U u volk verlos.' Die teks word as sterwensgebed op grafskrifte in Galilea gevind. Met die verwysing na Jesus se koninkryk word Jesus erken as die Jode se verwagte Messiaskoning. Die Griekse idiom *erchomai eis* 'inkom in' veronderstel dat Jesus ná of met sy dood as Koning in sy Koninkryk begin regeer.

23:43 Ons weet nie hoe die berouvolle misdadiger die betekenis van die naam Jesus verstaan het, of hoe hy oor Jesus se koninkryk gedink het nie. Hy kon die naam op die vonnisbordjie gelees het. Maar wat hy ook al verwag het, was Jesus se belofte

aan hom buite alle verhouding tot sy versoek. Dit is aan hom gegee met die bevestigende 'amen,' en met die volmag wat die Vader aan sy Seun gegee het. Nie in 'n veraf hofsitting nie, maar nou, hier aan die kruis, is hy vrygespreek voor die regbank van die goddelike Regter. Sy beloning is nie in 'n eeu wat nog kom nie, maar vandag in die Paradys saam met die Regverdige Koning. Vir die misdadiger word die uur van sy dood deur sy gemeenskap met Jesus 'n heilsvulde hede (vgl. Luk 2:11 'Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus, die Here'). Uit die liefde en volmag van Jesus se heerskappy sluit Hy vir die mense wat in sy gemeenskap inkom, die Paradys oop. Paradys is die Persiese woord vir 'n tuin. Genesis 3:23 vertel dat die Here God die tuin van Eden, waar die mens in gemeenskap met Hom geleef het, vir hulle gesluit het, om nie van die boom van die lewe te eet en vir altyd te lewe nie. Jesus ontsluit vir die mense wat in Hom glo en Hom liefhet die ewige lewe saam met God (vgl. Joh 14:23).